

Negentiende- en Twintigste-Eeuse Plattelandse Afrikaanse Trustmaatskappye en Eksekuteurskamers: ’n Evaluering van hulle Kenmerke, Bydrae en Agteruitgang

*Anton Ehlers**

Inleiding

Kronologies kan die geskiedenis van plattelandse Afrikaanse trustmaatskappye en eksekuteurskamers in twee breë periodes ingedeel word, naamlik die laaste kwart van die negentiende eeu tot en met die Depressie van die dertigerjare en die Tweede Wêreldoorlog, en dan die post-Depressie en -oorlogperiode tot en met die sestiger- en sewentigerjare van die twintigste eeu. As produkte van politieke en sosio-ekonomiese omstandighede en behoeftes het trustmaatskappye hulle in die eerste periode as dinamiese, plaaslike finansiële instellings gevestig. Hulle opkoms het gesinkroniseer met ’n ontwikkelende Afrikanernasionalisme, ’n ekonomie wat onderweg was na die wegspringfase na selfonderhoudende groei en ’n plattelandse samelewing gekenmerk deur basies primêre streekseconomieë met ’n sosiale orde waarin plaaslike en politieke sentimente kragtige merkers en invloede in ekonomiese en finansiële keuses en besluitneming was.

In die veranderende na-oorlogse konteks met ’n Afrikanernasionalisme wat geleidelik ideologiese trekkrag verloor het, ’n industrialiserende kapitalistiese ekonomie en ’n plattelandse samelewing uitgelewer aan verstedeliking waarin politieke en plaaslike sentimente as faktor in finansiële besluitneming en keuses invloed begin verloor het, is trustmaatskappye in ’n krisis gedompel. Hulle het ontwikkel tot anachronismes in die veranderde na-oorlogse wêreld. Hoewel hulle in die proses as plaaslike finansiële instellings in die slag gebly het, sou die amalgamasiebeweging van die sestiger- en sewentigerjare tog daarin slaag om ten minste ten dele die oorblyfsels van die instellings met hulle finansiële omgewing te hersinkroniseer, hoewel in ’n gewysigde gedaante as algemene banke.

* Anton Ehlers is aan die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch verbonde. Sy mees onlangse publikasie wat in *Fundamina* verskyn het, is “Rural trust companies and boards of executors versus country attorneys: The history of symbiotic ‘bastard relationships’ in the battle for trust and estate business in South Africa to circa 1920”. Hy werk tans aan die geskiedenis van Pep Stores.

Hierdie artikel is 'n poging om die kenmerke, bydrae en agteruitgang van plattelandse Afrikaanse trustmaatskappye en eksekuteurskamers as onafhanklike finansiële instellings soos dit teen bogenoemde breë doek ontplooi het, te evalueer.

Die negentiende-eeuse trustmaatskappybeweging

Die eerste trustmaatskappy in Suid-Afrika is op 22 April 1834 deur 22 inwoners van Kaapstad as die South African Association for the Administration and Settlement of Estates gestig. Hiermee het 'n nuwe konsep, naamlik dié van die korporatiewe trustee in die vorm van 'n eksekuteurskamer of trustmaatskappy, en 'n nuwe professie, die professionele trustee, die lig gesien.¹

Die aanvraag na trustdienste het die groei van die trustbeweging na 1834 verseker. In die periode 1834 tot 1899 is ongeveer dertig trustmaatskappye en eksekuteurskamers gestig, wat hoofsaaklik in die stedelike gebiede soos Kaapstad, Port Elizabeth, Kimberley en Johannesburg² gekonsentreer was en waarvan die meerderheid onder oorwegend Engelse beheer gestaan het. Voorbeelde van hierdie stedelike trustmaatskappye was die Board of Executors wat in 1838 in Kaapstad gestig is, The Port Elizabeth Assurance and Trust Company (gestig in Port Elizabeth in 1852) en The Griqualand West Board of Executors Trust & Agency Company Limited wat in 1876 in Kimberley gestig is.³

Die trustbeweging het ook in die plattelandse gebiede van die Oos- en Wes-Kaap inslag gevind. Die Graaff-Reineters het in 1856 die Graaff-Reinet Board of Executors gestig, terwyl The Eastern Province Guardian Loan and Investment Company in Grahamstad tot stand gekom

1. J. English (ed), *The First Trust Company in the World. The South African Association for the Administration and Settlement of Estates founded 22nd April 1834. A Commemorative Review of the Formation and Growth of the Trust Company Movement* (No publisher, no place, no date), pp 1, 3; Syfrets Argief, Kaapstad (hierna SA): Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye 1961-1962, The Trust Companies of South Africa, pp 4, 5, brochure tabled during annual general meeting, 9 May 1962.
2. J.H.A. van de Venter, "Die Ontstaan, Ontwikkeling en Aktiwiteite van Algemene Banke in Suid-Afrika." MA-tesis, Universiteit van Port Elizabeth, 1982, p 21; Wes-Kaapse Provinsiale Argiefbewaarpark, Kaapstad (hierna WKPA): Limited Companies inventaris 1/26.
3. English (ed), *The First Trust Company in the World*, pp 3-6; SA: File, Syfrets History. Information of companies press cuttings and history. Sub-file, History of the company Syfrets Trust and Ex. Northern Cape, The Griqualand West Board of Executors Trust & Agency Company Limited.

het. Die gemeenskappe van Paarl en Malmesbury was die eerste in die Wes-Kaap om trustmaatskappye en eksekuteurskamers tot stand te bring.⁴ In 1864 is die Malmesbury Board of Executors and Trust Company Limited⁵ en in 1874 die Paarl Fire Assurance and Trust Company Limited gestig.⁶ Laasgenoemde is in 1895 gelikwedeer en sy bates en laste wat onder meer sy verbande⁷, kantoormeubels⁸ en personeel⁹ ingesluit het, is deur die pasgestigte Paarl Board of Executors Limited oorgeneem.¹⁰ Afrikaners het dié maatskappy oorheers en die stigters en eerste direksie van sewe lede was almal Afrikaners.¹¹ Die maatskappy het verskeie voordele vir sy aandeelhouders en kliënte ingehou. Die plaaslike aard van die maatskappy het dit onnodig gemaak om na Kaapstad te reis om trustdienste soos die beredding van boedels te bekom. Die maatskappy was ook onder die oë van sy aandeelhouders en as iets verkeerd sou loop, het hulle onmiddellik toegang tot die direkteure gehad om sake reg te stel. Laastens is aandeelhouders en ondersteuners gerusgestel deur die wete dat die maatskappy oor £30 000 onopgeroepte aandelekapitaal beskik het waarop in 'n noodsituasie teruggeval kon word.¹² Die maatskappy het gesonde groei getoon en teen 1900 reeds £261 542 se fondse geadministreer, oor 'n reserwefonds van £10 500 beskik en 'n 12 persent dividend verklaar.¹³ Die aansien wat die maatskappy as finansiële instelling in die Paarl geniet het, is onderstreep deur die wedywing wat

4. J English (ed), *The First Trust Company in the World*, pp 3-6; SA: File, Syfrets History. Information of companies press cuttings and history. Subfile, History of the company Syfrets Trust and Ex. Northern Cape, The Griqualand West Board of Executors Trust & Agency Company Limited.
5. Boland Bank Argief, Paarl (hierna BBA): Notuleboek Malmesbury Board of Executors and Trust Company Limited 1864-1866, Algemene vergadering van aandeelhouders, 4 Oktober 1864.
6. Standard Bank Argief, Johannesburg (hierna SBA): GMO 3/1/31. GM-LO, 1 May 1895, p 10, number 19.
7. SA: Notuleboek van die Paarl Board of Executors, 8 April 1895-27 Maart 1901, Direksievergadering, 1 Mei 1895.
8. SA: Notuleboek van die Paarl Board of Executors, 8 April 1895-27 Maart 1901, Direksievergadering, 26 September 1895.
9. SA: Notuleboek van die Paarl Board of Executors, 8 April 1895-27 Maart 1901, Direksievergadering, 30 Oktober 1895.
10. SA: Notuleboek Paarl Board of Executors Limited, 8 April 1895-27 Maart 1901, Direksievergadering, 1 Mei 1895; WKPA: LC 215, C66, Paarl Board of Executors Limited, Memorandum of Association of the Paarl Board of Executors Limited, 18 April 1895.
11. WKPA: LC 215, C66, Paarl Board of Executors Limited, Memorandum of Association of the Paarl Board of Executors Limited, 18 April 1895.
12. *De Zuid-Afrikaan*, 3 Mei 1899, Executeurs Kamer.
13. SA: Notuleboek van die Paarl Board of Executors, Limited, 5 April 1895-3 Junie 1959, Algemene jaarvergadering, 2 Mei 1900.

onder banke bestaan het om die rekening van die maatskappy, wat as feitlik die belangrikste bankrekening in die Paarl beskryf is, te bekom.¹⁴

Trustmaatskappye en eksekuteurskamers het teen die einde van die negentiende eeu ontwikkel tot 'n integrale en gerespekteerde deel van die finansiële en sosiale struktuur van die gemeenskappe waarbinne hulle werksaam was – bogenoemde geval van die Paarl Board of Executors dien as 'n sprekende voorbeeld hiervan. Die persoonlike aard van hulle primêre funksie, naamlik die bestuur en beredding van boedels van afgestorwe persone en persone wat nie hulle eie sake kon administreer nie, asook hulle vermoë om deur hulle aanverwante dienste en funksies te voorsien in die finansiële behoeftes van die oorheersend primêre ekonomiese samelewing waarbinne hulle gefunksioneer het, het tot hierdie ontwikkeling bygedra.

Maatskappystigting in die twintigste eeu

In die geskiedenis van die breë trustbeweging verteenwoordig die eerste helfte van die twintigste eeu 'n bloeitydperk ten opsigte van maatskappystigting met 'n verdere ongeveer 70 trustmaatskappye en eksekuteurskamers wat in dié periode geregistreer is. Van die ongeveer 100 trustmaatskappye wat sedert 1834 geregistreer is, was vier-vyfdes in die Kaapprovinsie gesetel,¹⁵ wat die trustbeweging oteenseglik 'n verskynsel van die Kaapprovinsie gemaak het. Die uitsonderlike groei en Kaapse aard van die trustbeweging word verder gedemonstreer deur pogings om 'n oorkoepelende organisasie te stig wat na die belange van trustmaatskappye en eksekuteurskamers kon omsien. In 1920 is pogings aangewend om 'n Cape Provincial Association of Trust Companies¹⁶ te stig. 'n Konferensie van trustmaatskappy-verteenwoordigers is in Kaapstad belê¹⁷ en 'n konstitusie is selfs opgestel¹⁸, maar vanweë onbekende redes het die poging nie verder as die beplanningstadium gevorder nie.

-
14. SBA: GMO 3/1/38, 26 June 1901-22 January 1902, GM-LO, 18 September 1901, pp 4-5.
 15. WKPA: LC 15/25/1-LC 15/25/10, Inventaris van maatskappye geregistreer onder Wet nommer 23 van 1861, Wet nommer 25 van 1892 en Wet nommer 46 van 1926; Van de Venter, "Die Ontstaan, Ontwikkeling en Aktiwiteite van Algemene Banke in Suid-Afrika", pp 21-23.
 16. BBA: Notuleboek Paarl African Trust (hierna PAT), September 1918-Augustus 1922, Direksievergadering, 30 September 1920, p 173.
 17. BBA: Notuleboek African Mutual Trust (hierna AMT), 26 Julie 1917-20 September 1923, Direksievergadering, 16 September 1920.
 18. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye, 15 Augustus 1932-14 Desember 1936, Vergadering van verteenwoordigers van trustmaatskappye van die Unie, 15 Augustus 1932, p 5.

In die ontwikkeling van die reeds genoemde kategorie van plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers met 'n oorwegend Afrikaanse karakter, verteenwoordig die periode 1914-1922 'n hoogtepunt toe 26 van die maatskappye in slegs nege jaar gestig is. Van hierdie 26, was 11 in die Wes-Kaap, 12 in die res van die Kaapprovinsie en slegs 3 buite die Kaapprovinsie gestel. Die 26 maatskappye het ongeveer 87 persent van al die plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers wat tussen 1900-1950 gestig is, verteenwoordig.¹⁹



Figuur 1: Verspreiding van trustmaatskappye in Suid-Afrika teen 1937.

Korporatiewe trusteeskap in die breër Engelse koloniale wêreld tot ongeveer 1930

In Engeland is korporatiewe trusteeskap bekendgestel deur die stigting van 'n aantal korporasies in 1887 tot 1888.²⁰ In die eerste dekade van die twintigste eeu het baie en versekeringsmaatskappye in Engeland die

19. WKPA: LC 1/26, Inventaris van maatskappye geregistreer onder Wet nommer 23 van 1861 en Wet nommer 25 van 1892; WKPA: LC 15/25/1-LC 15/25/10, Inventaris van maatskappye geregistreer onder Wet nommer 23 van 1861, Wet nommer 25 van 1892 en Wet nommer 46 van 1926; Van de Venter, "Die Ontstaan, Ontwikkeling en Aktiwiteite van Algemene Banke in Suid-Afrika", pp 21-23.
20. C. Herrick, *Trust Departments in Banks and Trust Companies*, (McGraw-Hill Book Company, Inc., New York, 1925), p 10.

terrein van boedelbesigheid betree. In 1906 het die London & South Western Bank²¹ en in 1908 die Bank of Liverpool Limited 'n trustafdeling tot stand gebring.²² Die groeiende aanvraag na trustdienste is ook onderstreep deur die totstandkoming van die Public Trust Office in Londen in 1908. Barclays Bank, een van die groot rolspelers in die Engelse bankwese het in 1910 'n trustafdeling gestig wat teen die laat-1930's reeds oor 'n personeel van 320 beskik het.²³ Die konsep van korporatiewe trusteeenskap het ook in Britse koloniale gebiede neerslag gevind. In 1872 is 'n Public Trust Office in Nieu-Seeland gestig, terwyl die eerste trustmaatskappy in Australië in 1878 tot stand gekom het. Australiese trustmaatskappye het egter in teenstelling met Suid-Afrikaanse trustmaatskappye geen bankbesigheid verrig nie. 'n Sterk trustmaatskappy-tradisie het ook in Kanada ontwikkel. Die eerste trustmaatskappy is in 1882 aldaar gestig en teen die middel-1920's was daar reeds byna vyftig.²⁴

Korporatiewe trusteeenskap het egter sy oorsprong in Amerika gehad. Hoewel nie identies in proses en kronologie nie, het die vestiging van korporatiewe trusteeenskap in Amerika in trustmaatskappye en hulle evolusie van onafhanklike finansiële instellings tot slegs 'n funksie van groter kommersiële bankgroepe die meeste raakpunte met die Suid-Afrikaanse ervaring vertoon. In April 1822 het die staat van New York trustfunksies aan die Farmers' Fire Insurance and Loan Company (later bekend as die Farmers' Loan and Trust Company of New York) toegeken.²⁵ Na 'n aanvanklike stadige begin, het die getalle van trustmaatskappye in die laaste kwart van die negentiende eeu aansienlik toegeneem en teen 1900 reeds 500 oorskry. Na 1900 was daar 'n ontploffing in trustmaatskappystigting en teen 1924 was daar reeds 2 562 trustmaatskappye in Amerika.²⁶ Voor 1913 kon Amerikaanse banke slegs indirek by trustbesigheid betrokke raak deur trustmaatskappye as filiale te

21. M. Ackrill and L. Hannah, *Barclays. The Business of Banking 1690-1996* (Cambridge University Press, Cambridge, 2002), p 102.
22. SBA: GMO 3/1/50, 12 May 1909-27 April 1910, GM-LO, 'Ordinary' 25 August 1909, pp 7, 8.
23. Ackrill & Hannah, *Barclays*, p 102.
24. Herrick, *Trust Departments in Banks and Trust Companies*, p 10.
25. J.G. Smith, *The Development of Trust Companies in the United State* (Henry Holt and Company, New York, 1928), p 246; Herrick, *Trust Departments in Banks and Trust Companies*, pp 2-3. Die eerste trustmaatskappy in Suid-Afrika is in 1834 gestig. Soos Amerikaanse trustmaatskappye, het Suid-Afrikaanse maatskappye van meet af aan ook sekere bankbesigheid soos die inneem van deposito's en die verskaffing van lenings beoefen.
26. Herrick, *Trust Departments in Banks and Trust Companies*, pp 3-4. Suid-Afrika het 'n soortgelyke oplewing in maatskappystigting in die eerste helfte van die twintigste eeu beleef.

beheer. Die *Federal Reserve Act* van 1913, asook die daaropvolgende amendemente van 1918 het die reg tot korporatiewe trusteeskap egter ook na banke uitgebrei. Dit was deel van die ontwikkeling van *department store banking* in die Amerikaanse bankwese waardeur banke voortdurend hulle tradisionele funksies met nuwe dienste aangevul het.²⁷ Trustmaatskappye het sterk protes aangeteken teen banke se doen van trustbesigheid, maar ten spyte van verskeie hofsake, nie daarin geslaag om die impak van die wetgewing ongedaan te maak nie.²⁸ Banke het entoesiasties van hulle nuwe regte gebruik gemaak en teen 1924 was daar reeds in sestien Amerikaanse state meer nasionale banke wat trustdienste aangebied het as trustmaatskappye.²⁹ Teen 1930 het 1 900 van die meer as 8 000 nasionale banke in Amerika reeds trustdienste aangebied.³⁰ Die twintiger- en dertigerjare is ook gekenmerk deur die *Merger movement* waardeur banke en trustmaatskappye deur amalgamasie hulle belange saamgevoeg het om sterker instellings met meer hulpbronne te vorm. Hierdeur kon operasionele en oorhoofse kostes besnoei word en 'n wyer verskeidenheid dienste aangebied word.³¹ Hoewel daar teen die sestigerjare steeds onafhanklike trustmaatskappye bestaan het,³² was die oorgrote meerderheid van trustwerk onder die beheer van trustafdelings van kommersiële banke en is alle trustaktiwiteite deur streng bankwetgewing gereguleer.³³

-
27. R.W. Goldschmidt, *The Changing Structure of American Banking* (George Routledge and Sons, Ltd., London, 1933), pp 108, 126. Trustmaatskappye in Suid-Afrika het vanaf die twintigerjare van die twintigste eeu 'n soortgelyke stryd teen kommersiële banke wat hulle tradisionele terrein van trustdienste betree het, gestry.
 28. L.L.M. Minty, *American Banking Methods* (P.S. King & Son, Ltd., London, 1923), pp 220-221.
 29. Herrick, *Trust Departments in Banks and Trust Companies*, p 7.
 30. Goldschmidt, *The Changing Structure of American Banking*, pp 126, 129-130.
 31. K. Mackenzie, *The Banking Systems of Great Britain, France, Germany, and the United States of America* (MacMillan and Co., London, 1945), pp 244-247. In Suid-Afrika het amalgamasie tussen trustmaatskappye en later met groter bankgroepe in die sestigerjare van die twintigste eeu 'n aanvang geneem.
 32. 'n Opname in 1937 deur John W. Remington het reeds aangetoon dat slegs 25 van die byna 3 000 instellings in die VSA wat trustbesigheid verrig het, onafhanklike trustmaatskappye was. SA: Notule van die Vereniging van Trustmaatskappye, 19 Desember 1939-14 Desember 1942, Voorsittersrede tydens Algemene Jaarvergadering, 8 Desember 1941, p 4, soos aangehaal in G.T. Stephenson, *Trust Business in Common Law Countries* (Research Council – American Bankers Association, New York, 1940).
 33. SA: Notule van die Vereniging van Trustmaatskappye, 1960-1961, Notule van Algemene Jaarvergadering, 10 Mei 1961, Bylaag F, J.L. Nel, *Some Observations On American Trust Operations*, p 1. In Suid-Afrika is trustmaatskappye sedert 1942 aan bankwetgewing onderwerp en het trustmaatskappye as onafhanklike finansiële instellings teen die tagtigerjare van die twintigste eeu feitlik verdwyn en met groter bankgroepe geamalgameer.

Kenmerke en eienskappe van plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers

Hoewel plattelandse en stedelike trustmaatskappye en eksekuteurskamers vanweë die gemeenskaplike trusttradisie waaruit hulle ontwikkel het tot dieselfde kategorie van finansiële instellings behoort het en baie eienskappe met mekaar gedeel het, was daar tog ook genoeg verskille om binne die breë trustbeweging 'n afsonderlike plattelandse trustmaatskappytradisie te onderskei. African Mutual Trust (AMT – gestig in 1900) van Malmesbury met sy takstelsel en Paarl African Trust (PAT – gestig in 1900) daarsonder was, soos hulle in die periode 1900 tot 1942 ontwikkel het, verteenwoordigend van dié tradisie wat in bogenoemde tydperk duidelik onderskeibaar gekristalliseer het. Die tradisie was hoofsaaklik die resultaat van die inisiatief van die boeregemeenskappe wat op 'n distriks- of streeksgrondslag as stigters, aandeelhouders en ondersteuners maatskappye tot stand gebring het om te voorsien in die finansiële behoeftes van die basies primêre streekseconomieë waarbinne hulle gefunksioneer het.

Wat dienste betref, het plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers soos hulle stedelike genote, die volle spektrum van boedeladministrasie en aanverwante trustdienste aangebied en het dit 'n belangrike deel van hulle besigheid behels. Terwyl stedelike trustmaatskappye in die reël nie afslaerswerk gedoen het nie, het hierdie aktiwiteit 'n belangrike afdeling van die besigheid van plattelandse trustmaatskappye gevorm. Beide stedelike en plattelandse trustmaatskappye het as agente vir assuransiemaatskappye opgetree, en sommige maatskappye was ook assuransiemaatskappye in eie reg. Die grootste onderskeid tussen die dienste van plattelandse en stedelike trustmaatskappye het egter gelê in die mate waarin eersgenoemde by die bedryf van bankbesigheid betrokke geraak het deur die inneem van vaste deposito's en die belegging van die fondse op verbande teen vaste eiendom, wat gewoonlik in die distrik of streek waar die maatskappy werksaam was, geleë was. Terwyl depositobesigheid by stedelike trustmaatskappye slegs ongeveer 5 persent van hulle omset verteenwoordig het, hulle nie geadverteer het dat hulle deposito's inneem of aktief deposito's gewerf het nie, het bankbesigheid by plattelandse trustmaatskappye soveel as 40 tot 50 persent van hulle besigheid behels.³⁴

34. Select Committee (SC) 842, *Verslag van die Gekose Komitee oor Bankwetsontwerp, 1942*, Notule van getuienis, pp 16-17, 119, 128. In 1925 het 44 trustmaatskappye en eksekuteurskamers gesamentlik oor deposito's van £3 138 146, asook £18 886 969 onder die opskrif "Trust Funds Invested" beskik. Standard Bank was van mening dat van laasgenoemde bedrag 'n beduidende persentasie waarskynlik eerder onder deposito's as trustfondse

Plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers het in dié verband besondere sukses behaal deurdat hulle in die distrikte waar hulle werksaam was, banke feitlik totaal van hierdie soort besigheid ontnem het³⁵ en daarmee terrein wat in die tweede helfte van die negentiende eeu deur distriksbanke aan die imperiale banke afgestaan is, teruggewen het. Standard Bank se takinspeksieverslae verskaf voldoende bewyse in dié verband. In 1924 het die inspekteur van die Malmesburytak gerapporteer:

With regard to the Resources, it will be noticed that Fixed Deposits have almost disappeared from the books ... the Malmesbury Board of Executors, and the African Mutual Trust and Assurance Company are keen competitors of ours for this class of business, offering higher rates of interest than those quoted by us, and the branch is unable to compete successfully with them.³⁶

Paarl se takverslag van 1928 het dieselfde verhaal vertel:

Our most serious competitors at Paarl are the various Boards of Executors and Trust Companies, whose rates for deposits and advances are more favourable than ours ... With influential Directors and the power of local sentiment behind them their hold on the town and district is very strong.³⁷

Die gewildheid van trustmaatskappye in dié verband was afgesien van die invloed van politieke en plaaslike sentiment toe te skryf aan hulle hoër rentekoerse op vaste deposito's, hulle groter bereidwilligheid om 'n deposant wat geld nodig gekry het, se vaste deposito-kwitansie voortydig te kanselleer of hom 'n voorskot teen die sekuriteit van die kwitansie te gee teen 'n laer rentekoers as wat hy van die bank kon beding. Die feit dat die surplusgeld van die distrik by trustmaatskappye en eksekuteurskamers, anders as by banke, deur middel van verbande aangewend is en beskikbaar was vir die ontwikkeling van die betrokke distrik of streek, het ook tot hulle gewildheid bygedra. Afgesien van trustmaatskappye se laer rentekoerse op verbande, het boere hierdie vorm van krediet vanweë die groter permanensie of kontinuïteit daarvan verkies. Terwyl 'n lening of

tuisgehoort het. SBA: GMO 3/1/78, 4 Desember 1925–26 March 1926, GM-LO, 'Special' 5 March 1926, pp 655-657, 664-667.

35. In Maart 1900 het die Paarlse Eksekuteurskamer oor vaste depositos van £197 000 beskik. Hierteenoor het die Paarlse tak van Standard Bank in Junie 1900 oor vaste deposito's van slegs £6 422 beskik. SA: Notuleboek Paarlse Eksekuteurskamer Beperk, 5 April 1895-3 Junie 1959, Algemene jaarvergadering van aandeelhouders, 2 Mei 1900; SBA: INSP 1/1/124, Paarl 1888-1901, Inspection Report on Paarl Branch, 16 August 1900, pp 13-14, 25.
36. SBA: INSP 1/1/244, Malmesbury 1901-1928, Malmesbury ABC 1922-1928, Inspection Report on Malmesbury ABC Branch, 23 May 1924, Part I, p 7.
37. SBA: INSP 1/1/254, Paarl 1902-1928. Inspection Report on Paarl Branch, 27 November 1928, p 13.

verband by 'n bank of privaat persoon by die afsterwe van die verbandskuldenaar opgeroep is, was trustmaatskappye bereid om 'n verband van een boedel na 'n ander oor te dra (byvoorbeeld van vader na seun) sonder om dit op te roep.³⁸ Verbanne by trustmaatskappye is dus in baie gevalle van een geslag na 'n ander oorgedra, wat gestrook het met baie boere se opvatting dat dit vanweë die relatief lae rentekoerse op verbanne voordeliger was om eerder surplusfondse aan te wend om hulle plase uit te brei of te verbeter, as om hulle verbanne af te los.³⁹

In teenstelling met trustmaatskappye in stede soos Kaapstad en Port Elizabeth, het die deursnee plattelandse trustmaatskappy en eksekuteurskamer oor 'n klein werkkapitaal beskik⁴⁰ en met 'n personeel bestaande uit slegs enkele persone gefunksioneer.⁴¹ Trustmaatskappye het geroem op die hoë integriteit, hardwerkendheid en selfopofferende diens van hulle amptenare. Die verpersoonliking van dié tradisie was die maatskappy-sekretaris of bestuurder wat, anders as die bankbestuurders wat periodiek verplaas is, onafskeidbaar verbonde was aan die instellings in wie se diens hulle gestaan het. Die konserwatisme, bestendigheid en veelsydigheid van die sekretaris of bestuurder het veel bygedra tot die vertrouensposisie wat trustmaatskappye met hulle kliënte opgebou het en om die persepsie van 'n trustmaatskappy as 'n ewigdurende instelling (van geslag tot geslag) wie se personeel *ad infinitum* sou voortbestaan, te vestig.⁴²

-
38. SC-842, *Verslag van die Gekose Komitee oor Bankwetsontwerp, 1942*, Notule van getuienis, pp 20, 132-133; SBA: INSP 1/1/254, Paarl 1902-1928, Inspection Report on Paarl Branch, 18 September 1909, p 7.
39. SBA: INSP 1/1/369, T-Z 1937, Inspection Report on Worcester Branch, 22 Julie 1937, pp 11, 13.
40. SBA: GMO 3/1/78, GM-LO, 5 March 1926, pp 664-667; *De Zuid-Afrikaan*, 4 September 1900, Prospectus van de Paarlse Afrikaanse Trust Maatskappij (Beperkt); *De Zuid-Afrikaan*, 7 November 1908, Paarl. De Paarlse Afrikaanse Trust Maatskappij (BPRT); *De Zuid-Afrikaan*, 5 November 1910, Paarl. De Paarl Trust Maatschappij (Bepkt.). Voortdurend Afwerpen van Rijke Winsten. Met sy stigting in 1900 was PAT se kapitaal van £50 000 verdeel in 50 000 aandele van £1 elk waarvan die aanvanklike uitgifte tot 32 000 aandele waarvan 10s per aandeel opgeroep is, beperk sou word. Uiteindelik is slegs 5s per aandeel opbetaal wat PAT met 'n aanvangskapitaal van slegs £7 500 gelaat het.
41. WKPA: LC 229, C312 PAT, Articles of Association of the Paarl Trust Company, Limited, 13 October 1900, pp 9-11; BBA: Notuleboek PAT, Oktober 1900-Februarie 1905, Direksievergadering, 13 Oktober 1900. Met sy stigting was die daaglikse administrasie van PAT in die hande van die sekretaris, J.H. Hofmeyr, bygestaan deur 'n boekhouer, C.G. Auret.
42. SC-842, *Verslag van die Gekose Komitee oor Bankwetsontwerp, 1942*. Notule van getuienis, pp 19, 20, 135, 143; SA: Notuleboek Vereniging van

Plattelandse trustmaatskappye is ook gekenmerk deur hulle invloedryke direksies wat die vooraanstaande en kapitaalkragtige boere, politici en professionele persone van die distrik of streek ingesluit het.⁴³ Hierdie persone se statuur en invloed in die distrik en die wete dat hulle gesamentlike vermoëns deur middel van die direksie tot die maatskappy se beskikking was, het die ondersteuning van die ander inwoners in die distrik as aandeelhouers en kliënte verseker. Direkteure het dan ook nie gekroom om hulle invloed tot voordeel van die maatskappye aan te wend nie.⁴⁴ Deur die werwing van die boeregemeenskap as aandeelhouers, streng beheer en kontrole by die toekenning van aandele, asook die oordrag van aandele van geslag tot geslag (byvoorbeeld van pa na seun) is daar nie net verseker dat die beheer van die maatskappye in die hande gebly het van persone wat die belange van die maatskappy op die hart gedra het nie, maar is die kliëntebasis van die instellings ook verseker.⁴⁵

Trustmaatskappye en eksekuteurskamers se sakefilosofie en -etiek was gebaseer op die beginsel van dienslewering, eerder as oormatige

-
- Trustmaatskappye, 4 Januarie 1937-11 Desember 1939, Algemene jaarvergadering, 12 Desember 1938; BBA: Notuleboek PAT, 28 Oktober 1937-26 Augustus 1943, Direksievergadering, 26 November 1942, p 262; BBA: Notuleboek PAT, 28 Oktober 1937-26 Augustus 1943, Direksievergadering, 1 Oktober 1942, p 254; BBA: Notuleboek PAT, 2 September 1943-16 September 1948, Direksievergadering, 3 Augustus 1944, p 49. In die geval van PAT het C.G. Auret en Vosloo Webb (assistent-sekretaris) na onderskeidelik 42 en 32 jaar diens met pensioen afgetree, terwyl J.H. Hofmeyr na 44 jaar diens op 81 jaar die tuig neergelê het.
43. Sewe van die nege lede van die eerste direksie van die *Western Mutual Fire Assurance Company Limited* (voorloper van AMT) was boere waarvan een lid van Moorreesburg van die Wetgewende Vergadering in die Kaapse Parlement was. WKPA: LC 218 no.C165 WO, Memorandum of Association of the Western Mutual Fire Assurance Company Limited, 2 November 1896; *De Zuid-Afrikaan*, 5 Desember 1896, De Westelike Onderlinge Brandassurantie Maatschappij Beperkt; BBA: Notuleboek WO, 5 November 1896-17 September 1900, Algemene vergadering van aandeelhouers, 5 November 1896; Van AMT se eerste direksie was drie direkteure, waaronder die invloedryke Jannie H. Marais van Stellenbosch, lede van die Wetgewende Vergadering van die Kaapse Parlement. WKPA: LC 228, C302 AMT, Memorandum and Articles of Association of the African Mutual Trust and Assurance Company Limited, Memorandum of Association; Articles of Association, pp 9, 14; BBA: Notuleboek AMT, 18 Julie 1900-18 Junie 1908, Direksievergadering, 15 Januarie 1901, pp 29, 32.
44. SBA: INSP 1/1/341, Mi-Ot 1933-1935, Inspection Report on Paarl Branch, 11 June 1934, p 13.
45. SBA: INSP 1/1/347, N-R 1938, Inspection Report on Paarl Branch, 19 July 1938, p 11; SBA: INSP 1/1/342, Ou-Q 1933-1935, Inspection Report on Paarl Branch, 14 November 1935, p 7.

winsbejag. Kliënte se belange is eerste geplaas omdat van die veronderstelling uitgegaan is dat dit hulle is wat werk aan die amptenare en winste aan die aandeelhouders verskaf.⁴⁶ Voorsitters se beklemtoning tydens jaarvergaderings van die groei in die maatskappy se totale fondse onder administrasie as bewys van die sukses van die maatskappy was 'n manifestasie van dié benadering. Bogenoemde beginsel en die basiese besigheidskonserwatisme wat dit geïmpliseer het, was ook verantwoordelik vir trustmaatskappye se klem op 'n stewige reserwefonds en konserwatiewe dividende wat die maatskappye as reserwefondsbouers, eerder as dividendverklaarders gekenmerk het. Hierdie konserwatisme is ook geopenbaar in hulle verknogtheid aan die veilige en tradisionele beleggingsvelde soos eerste verbandaktes, beveiligde obligasies, vaste deposito's, prima-effekte en soms voorkeuraandeel in uitgesoekte maatskappye.⁴⁷

Vanweë hulle plaaslike distriks- of streeksgebondenheid en diensleweringmotief was plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers as finansiële instellings ook intiem by die sosiale struktuur van hulle gemeenskappe betrokke. Deur hulle hantering van boedels en trustsake het hulle die ordelike oordrag van rykdom van een geslag na 'n ander gereël en daardeur bygedra om die sosiale orde volgens die wense van hulle kliënte in stand te hou. Die sosiale gewete van plattelandse trustmaatskappye is ook gedemonstreer deur hulle talle donasies aan plaaslike skole, biblioteke en hospitale,⁴⁸ asook hulle bereidwilligheid om byvoorbeeld direksievergaderings wat met landboutoonstellings gebots het, uit te stel,⁴⁹ of hulle kantore te sluit op dae wat vir die gemeenskappe van simboliese belang was.⁵⁰ Plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers was meer as net finansiële instellings. As produk van hulle gemeenskappe was die "Kamers" ten nouste betrokke by die wel en weë van die gemeenskappe wat hulle gedien het. Hulle was die finansiële aristokrate van hulle distrikte en bejeën met die respek en eerbied wat 'n koningshuis en sy lede toekom.

-
46. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1968 en 1969, Algemene jaarvergadering, 6 Mei 1971, Voorsittersrede, pp 2, 6.
 47. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1968 en 1969, Algemene jaarvergadering, 6 Mei 1971, Voorsittersrede, p 4.
 48. BBA: Notuleboek AMT, 26 Julie 1917-20 September 1923, Direksievergaderings, 20 November 1919, p 178 en 18 Maart 1920, p 211; BBA: Notuleboek PAT, 1900-1926, Algemene jaarvergadering, 1 November 1922.
 49. BBA: Notuleboek PAT, 27 Desember 1929-7 Desember 1933, Direksievergadering, 14 Januarie 1932, p 103.
 50. BBA: Notuleboek PAT, 2 September 1943-16 September 1948, Direksievergadering, 4 Oktober 1945, p 121.

Aard, omvang en implikasies van en reaksies op die post-Depressie / Tweede Wêreldoorlog-uitdagings

a. Aard en omvang

Die Depressie van die dertigerjare en die daaropvolgende Tweede Wêreldoorlog met die veranderde ekonomiese en finansiële bedeling wat dit tot gevolg gehad het, het plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers se vreedsame en geïsoleerde bestaan as die aristokrasie van die Suid-Afrikaanse finansiële wêreld onherroeplik verander. Die instellings moes toenemend ervaar dat die uitdagings van die na-oorlogse finansiële wêreld die besigheidsfilosofie waarop hulle aanspraak as finansiële aristokrate berus het (diensbaarheid, konserwatisme, integriteit, kontinuïteit, eerlikheid en standvastigheid), asook die finansiële praktyke waarin dit prakties gestalte gevind het (’n klein kapitaalbasis, ’n stewige reserwefonds, konserwatiewe maar konstante dividende, weinig tot geen verliese deur oninbare skulde en lae administrasiekoste) in die na-oorlogse wêreld “oudmodies” en al hoe minder haalbaar geword het. Hulle vroeëre trots het nou eerder struikelblokke geword wat hulle aanpassingsvermoë geïnhibeer het en gedreig het om hulle in nasionale monumente, eerder as die dinamiese finansiële instellings wat hulle aanvanklik was, te verander.

Die ekonomiese milieu waarbinne trustmaatskappye en eksekuteurskamers in hierdie periode gefunksioneer het, was dié van ’n snelgroeiende industrialiserende Suid-Afrikaanse ekonomie⁵¹, ’n voortdurend veranderende ekonomiese en finansiële omgewing en struktuur, met die dienooreenkomstige groeipotensiaal wat dit vir finansiële instellings oor die algemeen ingehou het. Die relatief eenvoudige ekonomiese en finansiële bedeling van die voor-oorlogse periode was dus vir goed iets van die verlede. Te midde van ’n snelgroeiende ekonomie is trustmaatskappye en eksekuteurskamers uitgelewer aan ’n kapitalistiese ekonomie met sy voortdurende konjunkturskommeling, rentekoerswisselings, strawwe kompetisie vir beleggingsfondse, inflasionêre neigings en veranderende produksie en beleggingspatrone en -geleenthede. Hierdie omstandighede en uitdagings is deur plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers op ’n eiesoortige wyse ervaar.

51. J.A. Lombard en J.J. Stadler, *Die Ekonomiese Stelsel van Suid-Afrika* (HAUM, Kaapstad, 1978), p 315; D.H. Houghton, *The South African Economy* (Oxford University Press, Cape Town, 1967), p 120.

Anders as in die vooroorlogse periode was dit na 1945 die verkryging van voldoende beleggingskapitaal en nie soseer die belegging van die kapitaal wat finansiële instellings se grootste uitdaging was nie. Die toenemende kompetisie vir die beskikbare beleggingskapitaal was dan ook een van die grootste uitdagings waarmee plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers in die na-oorlogse periode te doen gekry het. Handelsbanke (met hulle besluit in die vroeë vyftigerjare om kompeterende rentekoerse aan te bied wat hulle vaste- en spaardeposito's binne vyf jaar laat verviervoudig het)⁵², bouverenigings (met hulle statutêre beskerming en gepaardgaande finansiële voordele wat hulle tot die aanbied van hoër rentekoerse in staat gestel het en tot hulle fenomenale groei bygedra het)⁵³, die Landbank (wat deur die wysiging van die Landbankwet van 1944 in 1959 in staat gestel is om sy bedrywighede so uit te brei dat hy in die normale kredietverlening aan boere dwarsoor die Unie kon voorsien)⁵⁴ en plaaslike landboukoöperasies (wat hoër rentekoerse aangebied het)⁵⁵ was trustmaatskappye se vernaamste kompetisie. Trustmaatskappye wat tradisioneel op 'n winsgrens van 1½ persent ten opsigte van die koop en verkoop van geld (wat hulle as 'n billike vergoeding vir hulle administrasiekoste en die risiko geloop beskou het) gefunksioneer het, het dit toenemend moeilik gevind om die winsgrens te handhaaf en met bogenoemde instellings te kompeteer.⁵⁶ Die kompetisie vir die beskikbare beleggingskapitaal het

52. Nedbank Argief, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg (hierna NA): OB/5 Archief Reservebank 1945-1958, Dokument 129, President van die Reserwebank – B.H. Holsboer, Hoofbestuurder Nederlandse Bank, 12 Julie 1957 en Dokument 130, Uittreksel uit konsepjaarverslag van President van die Reserwebank met opskrif “Monetary and Banking Situation”, pp 4-5.
53. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye, 22 Julie 1949–26 Maart 1954, Voorsittersrede tydens algemene jaarvergadering, 21 April 1952, p 6. Aangesien bouverenigings geen dividende of belasting hoef te betaal het nie, kon hulle baie sterk reserwes uit hulle winste opbou. Die opbrengs op hierdie reserwes was feitlik voldoende om al hulle administratiewe kostes te dek, wat hulle in staat gestel het om op 'n baie klein verskil tussen die rente wat hulle op beleggings betaal en die rente wat hulle op geleende geld vra, te funksioneer.
54. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1959 en 1960, Voordrag deur P.C. van der Merwe van AMT tydens die 1960-Algemene Jaarvergadering getitel, “Die Landbank Konkurreer”, pp 1-4.
55. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1961 en 1962, Voordrag deur P. le F. Mouton van Malmesbury Board of Executors and Trust and Fire Assurance Co. Ltd. tydens die 1961-Algemene Jaarvergadering getitel, “Fixed Deposits Co-operative Societies”, pp 1-2; SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1957, Paarl vergadering van Westelike Provinsie en Suidwestelike Distrikte lede, 25 Februarie 1957, p 2.
56. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye, 22 Julie 1949–26 Maart 1954, Voorsittersrede tydens algemene jaarvergadering, 21 April 1952, p 6.

plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers dus voor die uitdaging gestel om op 'n kleiner winsgrens as tevore te werk as hulle kompetender wou bly.

Die toenemende invloed van inflasie in die na-oorlogse finansiële bedeling het ook trustmaatskappye se tradisionele beleggingspatrone uitgedaag. Inflasie is gedemonstreer in die steeds stygende verbruikersprysindeks. Tussen 1938 en 1948 het die prysindeks met gemiddeld 3 persent per jaar toegeneem, terwyl dit in die periode 1948 tot 1958 toegeneem het teen 'n gemiddelde persentasie van ver oor die 4 persent per jaar. Die daling in die koopkrag van die Britse pond sterling van 20 sjielings in 1913 tot 4 sjielings en 7 pennies in 1956 was 'n verdere aanduiding van die invloed van inflasie.⁵⁷

In 1959 het J.J. le Roux van die South African Association inflasie as een van trustmaatskappye se grootste probleme geïdentifiseer en 'n beroep op trustmaatskappye gedoen om hulle beleggingspatrone ten opsigte van hulle eie fondse aan te pas. Trustmaatskappye moes dus 'n kleiner deel van hulle bates in langtermyn munisipale en regeringseffekte, verbande, deposito's en voorkeuraandeel belê aangesien die opbrengs daarop nie meer inflasie geklop het nie. Meer geld moes in vaste eiendom wat 'n huur-inkomste oplewer en in gewone aandele van gevestigde maatskappye belê word. Sodoende sou hulle kon verhoed dat hulle eie fondse (reserwes en eie kapitaal) se waarde voortdurend verminder.⁵⁸

'n Laaste uitdaging van die na-oorlogse finansiële bedeling was die toenemende belastinglas wat sedert 1941 op maatskappye met beperkte verantwoordelikheid gelê is, in teenstelling met die belastingverligting wat individue en ook van hulle mededingers soos bougenootskappe toegeval het. Teenoor die 3 sjielings 6 pennies in die pond waaraan trustmaatskappye in 1941 onderworpe was, het hulle belastingverpligtinge teen 1957 tot 6 sjielings en 6 pennies gestyg, wat beteken het dat hulle amper 'n derde van hulle winste aan nasionale en provinsiale belasting betaal het. Hierdie belastinglas het veral beperkinge geplaas op trustmaatskappye en eksekuteurskamers se vermoë om hulle reserwefondse uit hulle jaarlikse winste aan te vul. In die lig van die belastingtoegewings wat veral bouverenigings in dié verband geniet het,

57. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1959 en 1960, Voorsittersrede tydens algemene jaarvergadering, 4 Mei 1959, pp 7-8.

58. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1959 en 1960, Voordrag gelewer deur J.J. le Roux tydens die 1959-Algemene Jaarvergadering, pp 1-2.

het hulle belastingverpligtinge hulle vermoë om kompetierend te bly, verder onder druk geplaas.⁵⁹

Die implementering van die Bankwet van 1942 was een van die grootste uitdagings wat trustmaatskappye in die na-oorlogse periode die hoof moes bied en wat meer as enige ander uitdaging hulle oorlewing as finansiële instellings bepaal het. Die Betaalmiddele en Bankwet van 1920⁶⁰ waarvolgens die bankwese in Suid-Afrika gereguleer is, het trustmaatskappye en eksekuteurskamers van die bepalinge van dié Wet uitgesluit. Die vernaamste doelwit van die Bankwet van 1942 was om 'n groter mate van sekerheid en veiligheid aan deposante en spaarders oor die algemeen te verseker. Trustmaatskappye en eksekuteurskamers is dus deur die wetgewing onder die kategorie van depositonemende instellings ingesluit. 'n Depositonemende instelling is gedefinieer as 'n persoon wat die aanneem van deposito's as bedryf uitoefen, maar wat geen handelsbank of volksbank of leningsbank is nie.⁶¹

Die implikasies van die Bankwet was enersyds finansiële en monetêr, en andersyds administratief van aard. Die finansiële implikasies van die Bankwet het op die lange duur vir trustmaatskappye en eksekuteurskamers die grootste bedreiging ingehou. Depositonemende instellings moes aan twee tipes finansiële voorskrifte voldoen. Die wet se kapitaalvoorskrifte het bepaal dat instellings se gestorte kapitaal of garansiedeposito's of onaangetaste reserwefondse tesame nie minder moes bedra as 10 persent van hulle totale verpligtinge teenoor die publiek nie.⁶² Depositonemende instellings is verder tegemoetgekom deur hulle toe te laat om 'n bedrag gelyk aan hulle likiede bates van hulle depositoverpligtinge teenoor die publiek af te trek.⁶³ Die praktiese implikasie van bogenoemde kapitaalvoorskrifte was dat trustmaatskappye nie in die toekoms hulle deposito's onbeperk sou kon uitbrei nie, maar dat dit bepaal sou word deur die groei van die maatskappye se eie kapitaal – 'n faktor wat die groei van die maatskappye geïnhibeer het.

59. BBA: Balance Sheets of AMT 14 August 1901-27 September 1962, Voorsittersrede tydens algemene jaarvergadering, 20 September 1957; SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1958, Voordrag gelewer deur P.C. van der Merwe van AMT tydens algemene jaarvergadering, 12-13 Mei 1958 getitel, "Inkomstebelasting betaalbaar deur trustmaatskappye en deposito-nemende instellings", pp 1-4; SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1958, Memorandum op verligting van inkomstebelasting, 2 Oktober 1958, pp 1-4.

60. Wet Nommer 31 van 1920, *Betaalmiddele en Bankwet, 1920*.

61. Wet Nommer 38 van 1942, *Bankwet, 1942*.

62. Wet Nommer 38 van 1942, *Bankwet, 1942*.

63. Wet Nommer 38 van 1942, *Bankwet, 1942*.

Die tweede finansiële voorskrif van die Bankwet was dié ten opsigte van die instandhouding van sekere persentasies likiede bates (die likiditeitsvereistes) wat beskryf is as bates wat kontant verteenwoordig of geredelik in kontant omskep kon word. Depositonemende instellings moes likiede bates tot 'n bedrag van minstens die som van 30 persent van sy onmiddellike terugbetaalbare deposito's, 10 persent van sy deposito's wat binne ses maande of met minder as ses maande opsegging opeisbaar is en 10 persent van sy deposito's wat na ses maande of met nie minder nie as ses maande opsegging opeisbaar is, in stand hou.⁶⁴ Met hierdie voorskrifte wou die monetêre owerhede verseker dat instellings enige normale of abnormale opvraging van deposito's sou kon hanteer.⁶⁵

Die likiede batevoorskrifte het veral vir plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers met hulle omvangryke depositobesigheid ernstige implikasies ingehou, aangesien die lys van toelaatbare likiede bates soos deur die Bankwet voorgeskryf, dié instellings se belangrikste beleggingsterrein, naamlik vaste eiendom en verbande, uitgesluit het.⁶⁶ Aangesien veral plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers hulle fondse uitsluitlik in meer winsgewende plaasverbande belê het, het weinig van hulle oor voldoende likiede bates beskik. Trustmaatskappye het dus voorsien dat hulle plaasverbande sou moes oproep om fondse te bekom om aan die likiede batevereistes te voldoen. Aangesien likiede batebeleggings minder winsgewend was, sou trustmaatskappye nie meer kon bekostig om hoër rentekoerse op deposito's en laer rentekoerse op voorskotte as banke te handhaaf nie.⁶⁷ Die finansiële voorskrifte van die Bankwet het die winsgewendheid van veral plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers onder druk geplaas.

Hoewel minder finansiël bedreigend, was dit die administratiewe implementering van die wetgewing wat aanvanklik die grootste probleme en irritasie veroorsaak het en die maatskappye se tyd en energie in beslag geneem het. Die voorskrifte in dié verband het 'n groot administratiewe las op trustmaatskappye en hulle klein personeelkorpse geplaas – 'n las wat deur die sekretaris van die Malmesbury Eksekuteurskamer, A.A. Smuts, as 'n “burden of unremunerative work” en 'n “impediment to

64. Wet Nommer 38 van 1942, *Bankwet, 1942*.

65. SC-842, *Verslag van die Gekose Komitee oor Bankwetsontwerp, 1942*, pp 162-163.

66. SC-842, *Verslag van die Gekose Komitee oor Bankwetsontwerp, 1942*, pp 22-24, 162-163, 181.

67. SC-842, *Verslag van die Gekose Komitee oor Bankwetsontwerp, 1942*, pp 20, 23, 121, 133-135.

the execution of their ordinary duties”⁶⁸ beskryf is. Die voorbereiding en indiening van trustmaatskappye se aansoeke om as deponemende instellings geregistreer te word, afskrifte van dokumente soos die kennisgewing van jaarvergaderings aan aandeelhouders, die notule van jaarvergaderings, die voorsittersrede, goedkeuring vir die aanstelling van ouditeure⁶⁹ en aandeelhouderslyste wat aan die Kantoor van die Registrateur gestuur moes word,⁷⁰ die verskaffing van getrouheidswaarborgte teen oneerlikheid van personeel,⁷¹ die aandrang van die Registrateur dat die statute en aktes van oprigting van maatskappye in pas gebring moes word met die Bankwetvereistes⁷² en dan veral die indiening van finansiële halfjaarstate het die lewe van trustmaatskappye versuur. Laasgenoemde state, die invoer van eenvormige minimum rekenkundige prosedures vir alle finansiële instellings en die implementering van die kapitaal en finansiële vereistes van die Bankwet het trustmaatskappye groot administratiewe hoofbrekens besorg en tot ’n onophoudelike stroom korrespondensie tussen die maatskappye en die kantoor van die Registrateur van Banke gelei.⁷³

-
68. Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria (hierna NASA): Registrateur van Bankeversameling (hierna RB) 9/1, Banke: Die Bolandse Eksekuteurskamer (Malmesbury) Bpk. Registrasie September 1943-Februarie 1971, Secretary Malmesbury Board of Executors – Registrar of Banks, 6 February 1946.
69. NASA: RB 1/1, Banke: African Mutual Trust and Assurance Ltd. Registrasie, 1943-1966, General Manager and Secretary - Registrar of Banks, 1 September 1943, pp 1-3; NASA: RB 27/3, Volume 1, Paarl Trust Ltd., 1943-1960, Secretary – Registrar of Banks, 9 November 1944.
70. NASA: RB 27/5A, Banke: Die Bolandse Eksekuteurskamer Bpk. Aandeelhouders, 1943-1957, Lys van aandeelhouders in die Paarl African Trust Company Limited soos op 30 September 1943.
71. BBA: Notuleboek AMT 18 Januarie 1944-20 Desember 1945, Finansiële Komitee, 7 Desember 1944, p 64.
72. NASA: RB 1/1, Banke: African Mutual Trust and Assurance Ltd. Registrasie 1943-1966, Registrar of Banks – General Manager and Secretary AMT, 3 July 1944.
73. NASA: RB 1-1A, Banke: African Mutual Trust and Assurance Company Limited. Registrasie, 20 September 1940-24 Januarie 1949, Statement of Assets and Liabilities of the African Mutual Trust and Assurance Company, Ltd., Malmesbury, C.P., for the Half-year ending 30th June, 1943 – B.A. Form Number 8 and Supplementary Statement of Assets and Liabilities of the African Mutual Trust and Assurance Company, Ltd., Malmesbury, C.P., for the Half-year ending 30th June, 1943 – B.A. Form Number 11, 27 September 1943; NASA: RB 1/3, Volume 1, African Mutual Trust and Assurance Co. Ltd. State en Opgawes, September 1943-Julie 1965, Registrateur van Banke – Algemene Bestuurder en Sekretaris, AMT, 8 Desember 1943; NASA: RB 27/3, Volume 1, Paarl Trust Ltd. 1943-1960, Registrateur van Banke – Sekretaris PAT, 17 November 1944 en Sekretaris PAT – Registrateur van Banke, 24 November 1944.

Instelling	Jaar	Getal boedels	Persentasie Boedels
Prokureurs	1932	4 539	67,5 persent
	1960	11 404	57,5 persent
Trustmaatskappye	1932	686	10,2 persent
	1960	1 844	9,3 persent
Banke	1932	90	1,3 persent
	1960	4 026	20,3 persent
Ander	1932	1 414	21 persent
	1960	2 558	12,9 persent
Totaal	1932	6 729	100 persent
	1960	19 832	100 persent

Figuur 2: Likwidasierekenings van boedels wat in die *Staatskoerant* verskyn het.⁷⁴

Naas die ekonomiese en finansiële uitdagings wat merendeels op die terrein van die bankaktiwiteite van trustmaatskappye en eksekuteurskamer gemanifesteer het, het die voor-oorlogse kompetisie met banke en prokureurs ten opsigte van die doen van boedel- en trustbesigheid trustmaatskappye en eksekuteurskamers se grootste uitdaging gebly. Die verloop wat hierdie jarelange stryd in die veertigerjare geneem het, het bygedra om trustmaatskappye en eksekuteurskamers in hulle na-oorlogse oorlewingstryd te dompel. Wet nommer 19 van 1941 wat 'n poging van die prokureursordes was om veral banke se toenemende betreding van trustbesigheid aan bande te lê, het ook trustmaatskappye gekortwiek. Die wet het 'n einde aan veral plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers se onbeperkte reg om hulle aktiwiteite te adverteer en besigheid aan te lok of te werf, gebring en hulle opstel van regsdokumente teen vergoeding beëindig. Hierdie beperking op die vryelike advertering van hulle oorspronklike kernaktiwiteit van boedel- en trustbesigheid het veel bygedra om die handhawing en uitbreiding van hulle markaandeel ten opsigte van dié aktiwiteite feitlik onmoontlik te maak. Uit die statistieke in Figuur 2 van likwidasierekenings van boedels wat in die *Staatskoerant* verskyn het, is dit duidelik dat terwyl banke hulle markaandeel ten spyte van die wetgewing aansienlik uitgebrei het, trustmaatskappye en eksekuteurskamers se markaandeel gestagneer en van 10,2 persent in 1932 tot 9,3 persent in 1960 afgeneem het. Aangesien die toegewings wat die 1941-wetgewing wel aan trustmaatskappye en eksekuteurskamers gemaak het, beperk is tot openbare maatskappye wat voor of op 31 Desember 1938 geregistreer is, het die wetgewing vir alle praktiese doeleindes 'n einde gemaak aan die

74. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1961 en 1962, Referaat gelewer deur J.W.A. Parkhurst tydens die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging van Trustmaatskappye, 10 Mei 1961, "Legislative restrictions on advertising by trust companies", pp 2-3.

era van die stigting van openbare trustmaatskappye en eksekuteurskamers wat in die twintigerjare van die twintigste eeu 'n hoogtepunt bereik het.⁷⁵

b. Trustmaatskappye en eksekuteurskamers – quo vadis?

In 'n poging om die vinger op die oorsake vir die trustmaatskappybeweging se na-oorlogse probleme te lê, het die voorsitter van die Vereniging van Trustmaatskappye in Suid-Afrika in 1971 op grond van 'n ontleding van die finansiële state van 39 trustmaatskappye wat vir die tydperk 1955 tot 1970 lid van dié vereniging was, tot die gevolgtrekking gekom dat in teenstelling met die algemene tendens onder sake-ondernemings in Suid-Afrika in dié periode, die winsgewendheid van trustmaatskappye steeds gedaal het, wat daarop gedui het dat hulle vermoë om beide hulle eie fondse en dié van hulle kliënte te bestuur, relatief afgeneem het. Om die toename in die omvang van hulle sake te finansier, het die 39 trustmaatskappye die fondse van hulle aandeelhouders van R9 611 000 in 1955 tot R63 164 000 in 1970 vergroot, wat 'n styging van 657 persent verteenwoordig het. Die netto wins op aandeelhouders se fondse het oor dieselfde tydperk met slegs 384 persent van R1 528 000 in 1955 tot R5 868 000 in 1970 gestyg. In 1955 was hulle netto wins weergegee as persentasie van hulle fondse onder administrasie 1,09 persent. Teen 1960 het dit tot 0,41 persent gedaal. Teen 1965 het dit tot 0,52 persent herstel en tot 1970 konstant op dié vlak gebly. Teenoor hierdie daling het die meeste sake-ondernemings in hierdie tydperk 'n skerp styging in hulle wins-verkope-verhouding getoon. In 1955 het die 39 trustmaatskappye se netto wins weergegee as persentasie van hulle aandeelhouders se fondse 'n rendement van 15,89 persent verteenwoordig. In die volgende 15 jaar, toe die meeste sake-ondernemings in Suid-Afrika 'n skerp styging in hulle opbrengs op aandeelhouders se fondse gelewer het, het die betrokke trustmaatskappye se rendement gedaal tot 11,02 persent in 1960, verder gedaal tot 10,98 persent in 1965, en in 1970 'n laagtepunt van 9,29 persent bereik.⁷⁶

Die dalende winsgewendheid van plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers is in 1959 en weer in 1962 deur die Registrateur van Banke pertinent onder die aandag van die instellings gebring en hy het ook aangetoon dat die maatstaf wat hulle gebruik het om die opbrengs op hulle aandeelhouders se fondse aan te toon, misleidend en rekenkundig onverantwoordbaar was. Hy het dit beklemtoon dat die maatstaf vir die winsgewendheid van enige belegging verteenwoordig word deur die

75. Wet Nommer 19 van 1941, *Toelating van Prokureurs Wysigings- en Regspraktisyns-getrouheidsfonds-wet, 1941*

76. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1968 en 1969, Voorsittersrede tydens Algemene Jaarvergadering, 6 Mei 1971, pp 2-3.

verhouding tussen die netto wins en die totale effektiewe kapitaal wat in die belegging gestort is. Vir plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers om dus hulle effektiewe opbrengskoers op aandeelhouerskapitaal te bereken, moes hulle hulle opbetaalde kapitaal plus hulle reserwefondse in berekening bring, aangesien die reserwefondse oor jare uit aandeelhouers se winste opgebou is en dus deel uitgemaak het van aandeelhouerskapitaal en daarom ook op dividende soortgelyk aan hulle opbetaalde kapitaal geregtig was.⁷⁷ Die instellings se gebruik om hulle dividende uit te druk as persentasie van aandeelhouers se opbetaalde kapitaal het tot gevolg gehad dat hulle dividendkoerse met die uitbreiding van die aktiwiteite van die maatskappye en die dienooreenkomstige styging in winste oor die jare 'n stygende tendens getoon het wat 'n toename in die opbrengs op aandeelhouersfondse geïmpliseer het. So is AMT se dividendkoers in 1901 as 5 persent aangedui en het dit teen 1960 tot 30 persent gegroei.⁷⁸ Hierdie praktyk het die werklike opbrengs op aandeelhouerskapitaal verwing, wat beteken het dat aandeelhouers van dié instellings slegter daaraan toe was as wat ooglopend in hulle finansiële state weerspieël is. Terwyl PAT se dividend van £13 500 in 1957 'n opbrengs van ongeveer 34 persent op opbetaalde kapitaal van aandeelhouers verteenwoordig het, het dit in werklikheid 'n effektiewe dividend van slegs 7,5 persent verteenwoordig indien die algemene reserwe van £140 500 in berekening gebring word. Hierdie effektiewe dividend het in 1958 na 7,4 persent en in 1959 na 7,1 persent verswak soos die maatskappye se reserwes aangevul en sy kapitaal vermeerder is om aan die Bankwet se kapitaalvoorskrifte te voldoen.⁷⁹ 'n Soortgelyke voorbeeld was Eksekuteurskamer Drakenstein se mededeling in sy 1962-direksieverslag dat aandeelhouers 'n dividend van 40 persent op opbetaalde kapitaal sou ontvang, terwyl die werklike rendement op hulle kapitaal en reserwes slegs 6,4 persent was.⁸⁰

-
77. *Die Burger*, 26 Oktober 1959, Trustinstellings in die Boland is 15 Honde om Een Been, p 5; SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1961 en 1962, C.R.B. de Villiers, Registrateur van Finansiële Instellings, se voordrag getitel "The Investment of Trust Funds" gelewer tydens Algemene Jaarvergadering, 8-9 Mei 1962, pp 4-5.
78. BBA: Balance Sheets of AMT, 14 Augustus 1901-27 September 1962, Direksieverslae en finansiële state vir die jare geëindig 30 Junie 1901 en 30 Junie 1960.
79. NASA: RB 78/3, Banke: Hottentots-Hollandse Trust Maatskappye Beperk, Junie 1947-Februarie 1965, Registrateur van Banke kantoornota met aangehegte vergelykende syfers, 25 Junie 1960.
80. NASA: RB 29/3, Volume 1, Banke: Eksekuteurskamer Drakenstein Beperk. State en Opgawes, 1944-29 Januarie 1965, Registrateur van Banke kantoornota met opskrif, Eksekuteurskamer Drakenstein: Voorsitter se

Hoewel trustmaatskappye van meet af aan sterk reserwefondsbouers was, is hulle vanweë die Bankwet se kapitaalvereistes na 1942 gedwing om weens hulle gebrek aan kapitaal hulle eie fondse jaarliks deur toevoegings tot hulle reserwes uit hulle jaarlikse winste aan te vul. Hierdeur is die effektiewe opbrengskoers op aandeelhoudersfondse toenemend onder druk geplaas, aangesien hulle weens die na-oorlogse uitdagings gedwing is om eerder hulle winsmarges te verlaag as te verhoog. In 'n ondersoek na die opbrengskoers van depositonemende instellings bereken as persentasie van opbetaalde kapitaal en reserwes het die Registrateur van Banke in 1962 bevind dat “a fair proportion of these institutions return a dividend of less than 5% and that the position becomes progressively worse as the ratio of profits reserved to paid-up capital increases”.⁸¹ Die Hottentots-Holland Trust Maatskappy Beperk se effektiewe dividend van 4,6 persent, 4,9 persent en 4,5 persent vir onderskeidelik 1957, 1958 en 1959 was 'n sprekende voorbeeld hiervan.⁸²

Die oorsaak van hierdie dalende winsgewendheid van die trustmaatskappybeweging in die breë en spesifiek ook van plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers wat uiteindelik hulle voortbestaan as onafhanklike plaaslike finansiële instellings beëindig het, was primêr gesetel in hulle onvermoë om die reeds genoemde uitdagings van die na-oorlogse wêreld effektief die hoof te bied. Hulle aanvanklike konfrontasie met die nuwe na-oorlogse bedeling soos vergestalt in hulle gestoei met die Bankwet en die Registrateur van Banke, was 'n aanduiding dat hulle aanpassing by die nuwe eise 'n stadige en moeisame proses sou wees wat die neiging openbaar het om slegs met die toepassing van die nodige druk te vorder. Hierdie konserwatisme en verknogtheid aan tradisie en sentiment het veroorsaak dat trustmaatskappye nie die nuwe Suid-Afrika wat tot stand gekom het as gevolg van die oorskakeling van die ekonomie van 'n basies primêre ekonomie tot 'n verfynde en gevorderde sekondêre ekonomie voorsien het nie, en dat hulle gevolglik nie daartoe in staat was om hulle gedurende die oorlog en die na-oorlogse jare by die veranderende omstandighede aan te pas nie. Trustmaatskappye het voortgegaan met hulle tradisionele dienste

kommentaar op Registrateur se toespraak voor Vereniging van Trustmaatskappye, Mei 1962, 9 November 1962.

81. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1961 en 1962, C.R.B. de Villiers, Registrateur van Finansiële Instellings, voordrag getitel “The Investment of Trust Funds” gelewer tydens die Algemene Jaarvergadering, 8-9 Mei 1962, p 5.
82. NASA: RB 78/3, Banke: Hottentots-Hollandse Trust Maatskappy Beperk, Junie 1947-Februarie 1965, Registrateur van Banke kantoornota met aangehegte vergelykende syfers, 25 Junie 1960.

gemik op eksekuteurskappe, trusteeskappe en beleggingsadministrasie namens individue en trusts. Wat hulle nie voorsien het nie, was dat die na-oorlogse industrialisasie en die ontwikkeling van die mynbou, handel en finansieringswese 'n behoefte na nuwe soorte finansieringsdienste in die vyftiger- en sestigerjare sou skep. Deur die handhawing van hulle konserwatiewe "veilige" beleggingspatrone in verbandaktes, obligasies en vaste deposito's het hulle ook die nuwe en meer winsgewende beleggingsgeleenthede wat uit die oorskakeling van die ekonomie voortgevloei het, misgeloop. Hulle versuim in dié verband het hulle potensiële mededingers soos handelsbanke, bouverenigings en versekeringsmaatskappye, wat bewus was van die nuwe geleenthede en die vraag na gespesialiseerde dienste en nuwe beleggingsgeleenthede voorsien het, vrye teuels gegee om dié terreine in te palm. In die proses het trustmaatskappye en eksekuteurskamers goue geleenthede verspeel om deur vernuwing en aanpassing die volle vrugte van die geweldige na-oorlogse groei in die Suid-Afrikaanse ekonomie te benut.⁸³ In plaas daarvan om self nuwe inisiatiewe te loods, was hulle deurentyd op verdediging ingestel en is hulle energie aangewend om hulle eie domein te probeer beskerm eerder as om nuwes te verower. Ten spyte van laasgenoemde pogings moes hulle toekyk hoe ook hulle tradisionele domein van boedelbesigheid deur banke en ander kompeteerdere onder hulle weggekalwe word.

c. Kritiese stemme uit eie geleedere: "national monuments, or ... dynamic business undertakings?"

Profete in hulle eie geleedere het trustmaatskappye en eksekuteurskamers op hierdie verspeelde kanse gewys. In sy voorsittersrede tydens die algemene jaarvergadering van die Vereniging van Trustmaatskappye in 1952, het Willie Rousseau van die Pêrelse Boedel en Agentskap Maatskappy Beperk die ontwikkeling van die trustmaatskappybeweging vir die tydperk 1941 tot 1951 in oënskou geneem. Hoewel die balansstate van die 42 trustmaatskappye en eksekuteurskamers wat hy as voorbeeld gebruik het feitlik 'n verdubbeling van die fondse wat hulle

83. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1968 en 1969, Voorsittersrede tydens Algemene Jaarvergadering, 6 Mei 1971, pp 4-5. AMT het in 1960 die eerste keer oorweging geskenk aan die ingebruikneming van die huurkoopstelsel, maar uitendelik besluit om vanweë 'n gebrek aan kundigheid en personeel nie vir die huidige dié tipe finansiering aan te bied nie. BBA: Notuleboek AMT, 18 Desember 1958-19 Desember 1963, Finansiële Komiteevergadering, 10 Maart 1960, p 102; BBA: Notuleboek AMT, 18 Desember 1958-19 Desember 1963, Spesiale direksievergadering, 31 Maart 1960, p 111.

geadministreer het, weerspieël het, en hulle reserwefondse en winssyfers dienooreenkomstig toegeneem het, was hy nie oortuig dat trustmaatskappye die periode van ekonomiese voorspoed ten volle benut het nie. Hoewel trustmaatskappye en eksekuteurskamers toenemend bankbesigheid gedoen het, was hy van mening dat hulle op dié terrein gulde geleenthede deur hulle vingers laat glip het. In 'n verwysing na die fenomenale groei van bouverenigings (trustmaatskappye se vernaamste kompetisie ten opsigte van verbandbeleggings en die inname van deposito's) het hy trustmaatskappye gekritiseer omdat hulle hulle nie toegerus het om op hierdie beleggingsterrein van die verskaffing van verbande aan salaristrekkers in te beweeg nie; veral in die lig van die feit dat hulle reeds vir jare op die verbandbeleggingsterrein werksaam was. Afgesien van die voorsiening van huisverbande aan salaristrekkers het hulle ook nagelaat om op die terrein van huurkoopfinansiering en die verskaffing van klein persoonlike lenings, soos deur leningsbanke gedoen is, in te beweeg. Hierdie was almal baie winsgewende beleggingsterreine wat nou deur nuwelinge beset is. Rousseau was die volgende mening toegedaan:

With their stability, the confidence and the connections they enjoy, the resources and organizations at their disposal, I make bold to say that Trust Companies allowed their solid foundations, their big reserves and conservative connections to lull them into a state of complacency.⁸⁴

Hierdie toedrag van sake was vir hom nog meer verstommend as in gedagte gehou word dat trustmaatskappye terdeë bewus was van die mate waarin hulle toenemend ten opsigte van hulle tradisionele besigheidsterrein, naamlik boedelbesigheid, asook van hulle ander aktiwiteite deur kompetisie en wetgewing aan bande gelê is, wat groot uitbreiding van dié afdelings van hulle besigheid onwaarskynlik gemaak het.⁸⁵ Hy het hulle ook aangemoedig tot 'n meer realistiese benadering in hulle tradisionele beleggingsbeleid en hulle veral aangemoedig om, in die lig van die invloed van inflasie, van hulle fondse in aandele te belê. Hy was van mening dat:

-
84. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye 22 Julie 1949–26 Maart 1954, Voorsittersrede tydens Algemene Jaarvergadering, 21 April 1952, pp 2-4.
85. Bo en behalwe die reeds genoemde Wet Nommer 19 van 1941, het die Registrasie van Aktes Wet van 1937 bepaal dat die Registrateur van Aktes voortaan slegs dokumente in verband met die registrasie, sessie of verandering van verbande wat deur 'n praktiserende prokureur, notaris of transportbesorger opgestel is, vir indiening by 'n akteskantoor sou aanvaar. Dit het trustmaatskappye en eksekuteurskamers effektief uit die akteskantoor geweer. *Buitengewone Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika*, 29 Julie 1938, 2551, p 10.

The narrow range of investments employed by trust Companies was appropriate to a period when this country had few long established and sound industrial, commercial and other business enterprises whose shares could be looked upon as a safe investment with a fairly constant dividend return. Today this is no longer the case ... the time has arrived when all trust Companies should have a department devoted to analytical studies and the making of investment appraisals of the best that the share market has to offer.⁸⁶

In 1955 het Rousseau in 'n voordrag tydens die Vereniging se kongres tot die gevolgtrekking gekom dat trustmaatskappye nie die geleenthede wat hulle voorgedoen het, benut het nie en dat hulle groei dus nie tred gehou het met ander soortgelyke instellings in die land nie.⁸⁷ Soos drie jaar tevore het hy weer na die bouverenigings verwys om sy standpunt te steun:

It is not to our credit that not a single Trust Company has adopted a method of Mortgage repayment on a monthly basis, similar to the system used by the Building Societies, and found to be so popular with house owners. The tremendous growth of these societies within a comparatively short period is proof of the field for investment that was available, and, which I am afraid, has been lost.⁸⁸

In 1957 het J.J. le Roux van die South African Association as voorsitter van die Vereniging weer 'n beroep gedoen dat trustmaatskappye hulle beleggingsbeleid by veranderde tye en behoeftes moes aanpas en in vaste huurdraende eiendom of aandele moes belê om hulleself teen

-
86. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye, 22 Julie 1949–26 Maart 1954, Voorsittersrede tydens algemene jaarvergadering, 21 April 1952, pp 4-5.
87. Terwyl die totale bates en fondse onder administrasie van 42 trustmaatskappye toegeneem het van £46 839 727 in 1941 tot £84 986 070 in 1951, het die totale bates van 49 bouverenigings van £66 000 000 in 1940 tot £236 000 000 in 1950 toegeneem. SA: Notuleboek van die Vereniging van Trustmaatskappye, 22 Julie 1949–26 Maart 1954, Voorsittersrede tydens Algemene Jaarvergadering, 21 April 1952, pp 2-3.
88. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye 4 Mei 1954-14 Desember 1956, Notes for an address delivered (by W.P. Rousseau) at the 22nd Annual General Meeting of the Association of Trust Companies in the Union of South Africa held at Kimberley on Monday 16th May, 1955, p 1. Reeds gevestigde bougenootskappraktyke soos die verpligte delging van verbande en die maandelikse delging van kapitaal en rente op dorpsverbande, is eers in 1959 deur AMT ingefaseer. BBA: Notuleboek AMT, 18 Desember 1958-19 Desember 1963, Direksievergadering, 19 Maart 1959, p 19; BBA: Notuleboek AMT, 18 Desember 1958-19 Desember 1963, Direksievergadering, 16 Junie 1959.

inflasie te beskerm.⁸⁹ In 1959 het hy die oproep herhaal – veral met die oog op die beskerming van trustmaatskappye se eie kapitaal en reserwefondse – en tot die gevolgtrekking gekom dat:

... it is with regret that one has to admit that a perusal of the Balance Sheets of Members of this Association for, say, the last quarter of a century, reveals very little change in their investment portfolios in respect of Reserves.⁹⁰

Trustmaatskappye en eksekuteurskamers se onvermoë en soms onwilligheid om ten spyte van die tydige waarskuwings vinnig genoeg aan te pas, het J.L. Nel, voorsitter van die Vereniging van Trustmaatskappye vir 1971, tot die gevolgtrekking laat kom dat die ongunstige posisie waarin die instellings hulle bevind het, toe te skryf was aan die feit dat hulle oor die jare hulle ondernemingsgees verloor het. Hy het beweer dat hy in die bestudering van die geskiedenis van trustmaatskappye op slegs een daad afgekom het wat werklike ondernemingsgees geopenbaar het, naamlik die instelling van die wêreld se eerste eksekuteur met regs persoonlikheid. Hy kon geen ander “eerstes” vir trustmaatskappye vind nie. Indien die instellings ware ondernemingsgees gehad het, sou hulle die na-oorlogse geleenthede aangegryp het, sou hulle self die nuwe dienste aangebied het en sou trustmaatskappye en hulle aandeelhouders “uiteenlopende en hoogs winsgewende finansiële instellings besit het, en nie Trustmaatskappye nie.”⁹¹ Hy het ook die gebrek aan ondernemingsgees geblameer vir die min mense van buitengewone gawes wat oor die jare na trustmaatskappye gelok is.⁹²

Te midde van die verligte stemme ten gunste van verandering en aanpassing het die konserwatiewe trustmaatskappy-*establishment* en

-
89. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1957, Voorsittersrede tydens Algemene Jaarvergadering, 6 Mei 1957, p 5.
90. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1959 en 1960, Voordrag deur J.J. le Roux gelewer tydens algemene jaarvergadering, 4-5 Mei 1959 getitel, “Investment Policies”, pp 1-2. PAT het eers in November 1958 besluit om voortaan ’n gedeelte van sy fondse in aandele te belê. Aan die einde van die 1959-finansiële jaar het die belegging in aandele £84 000 bedra, wat minder as 3 persent van PAT se beleggings verteenwoordig het. BBA: Notuleboek PAT, 12 September 1957-2 Julie 1959, Direksievergadering, 13 November 1958, p 100; SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1957, Voorsittersrede tydens Algemene Jaarvergadering, 6 Mei 1957, p 5; BBA: Notuleboek PAT, 1951-1969, Algemene Jaarvergadering 1959, Voorsittersrede, 10 Desember 1959, p 62.
91. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1968 en 1969, Voorsittersrede tydens Algemene Jaarvergadering, 6 Mei 1971, p 5.
92. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1968 en 1969, Voorsittersrede tydens Algemene Jaarvergadering, 6 Mei 1971, p 5.

ingesteldheid nie oornag gekapituleer nie. In 1963 het I.K.M. Scheepers, direkteur van die National Development and Management Foundation of South Africa, in 'n voordrag getitel "Trust Companies and the Criteria of Professional Management" tydens die algemene jaarvergadering van die Vereniging van Trustmaatskappye in Suid-Afrika die mate waarin hierdie konserwatisme nog hoogty gevier het, aangetoon deur na die beeld wat die instellings van hulleself geskep en steeds aan die publiek oorgedra het, te verwys:

When I looked at your advertisements in the Financial Mail, and at your very nicely produced Brochure, I asked myself the question – do these financial institutions want to be national monuments, or do they want to be dynamic business undertakings? Drop all these references to dates of formation and so on, gentleman, from your publicity. Why go giving the public the impression that you are a collection of antiques? Why get them mixed up with Kaffir Wars? The public wants to be as modern as tomorrow, not as modern as hundred years ago.⁹³

In 'n era waarin winste in 'n toenemende mate die alfa en omega geword het, is baie trustmaatskappye en eksekuteurskamers steeds volgens die filosofie dat die instellings in die eerste plek daar was om diens te lewer, bestuur. Die siening dat die kliënte in alle opsigte eerste gekom het, aangesien hulle werk aan die personeel en winste aan die aandeelhouders voorsien het, was steeds sterk teenwoordig. In 1959 het J.H.S. Hofmeyr, as voorsitter van die Vereniging van Trustmaatskappye, nog dié evangelie in sy voorsittersrede verkondig met die vermaning:

... it is important to remember that it is upon the ideal of service to the public that the Trust Companies have been built up to what they are to-day, and that ideal must continue to be kept alive.⁹⁴

In 1960 het J.A. Chubb van die East London Board of Executors die feit dat hierdie ingesteldheid steeds bestaan het, bevestig toe hy in 'n voordrag voor die Vereniging beweer het dat:

... it must not be forgotten that a Trust Company provides a service. Because of this, it is not in the same profit earning position in relation to its equity capital as an ordinary commercial company.⁹⁵

-
93. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1963 en 1964, Voordrag deur I.K.M. Scheepers tydens Algemene Jaarvergadering, 7 Mei 1963, getitel, "Trust Companies and the Criteria of Professional Management", pp 1, 10.
94. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1959 en 1960, Voorsittersrede tydens Algemene Jaarvergadering, 4 Mei 1959, p 10.
95. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1959 en 1960, Voordrag deur J.A. Chubb tydens algemene jaarvergadering, 3-4 Mei 1960, getitel "The Functions of a Trust Company Director", p 3.

Hierdie diensmotief-ingesteldheid van trustmaatskappye en eksekuteurskamers het tot die agteruitgang van hulle winssyfers bygedra, aangesien dit 'n maksimum winsgedrewe-benadering geïnhibeer het en ook as “verskoning” vir hulle gebrekkige winsgewendheid aangevoer kon word. Die instellings se traagheid om te aanvaar dat dit die aandeelhouers was wat 'n heenkome aan die personeel en deur die personeel 'n diens aan die publiek gebied het en dat aandeelhouers dus op 'n redelike en mededingende rendement op hulle geld geregtig was, het uiteindelik tot hulle ondergang help bydra.⁹⁶

Slot

Hoewel die doodsklok teen die sestigerjare vir individuele plaaslike plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers met 'n oorwegend Afrikaanse karakter (die nasionale monumente-model) as “deposit-receiving institutions of a special kind – a species of a genus having a peculiarly Cape flavour”⁹⁷ gelui het, het die profetiese stemme uit eie geledere tog nie in alle gevalle op dowe ore geval nie. In reaksie op, en as teenvoeter vir die na-oorlogse probleme wat trustmaatskappye ondervind het, is amalgamasiepogings deur sommige versierende trustmaatskappye van stapel gestuur. PAT en AMT se inisiatiewe in dié verband wat in 1960 begin vrugte afwerp het, het in 1971 gekulmineer in die algemene bank, Boland Bank Beperk, wat teen 1978 reeds vyftien plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers deur amalgamasie ingesluit het – sien Figuur 3.⁹⁸ Hierdie beweging was hoofsaaklik die gevolg van die inisiatiewe van versierende leiers soos die Rossouws, Stofbergs (besturende direkteure van PAT en AMT onderskeidelik), De Villierse (Registrateur van Banke) en Rousseaus (besturende direkteur van Drakenstein Eksekuteurskamer Beperk). Die amalgamasiebeweging het verseker dat die dinamiese elemente van dié finansiële model wat die vuurproef van die na-oorlogse uitdagings deurstaan het, in 'n nuwe gedaante as algemene bank, naamlik Boland Bank Beperk, behoue gebly het – 'n gedaante wat deur verdere bankamalgamasies die erfenis van plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers as deel van BoE

-
96. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1968 en 1969, Voorsittersrede tydens Algemene Jaarvergadering, 6 Mei 1971, p 6.
97. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1961 en 1962, Voordrag van C.R.B. de Villiers tydens algemene jaarvergadering, 8-9 Mei 1962 getitel, “The Investment of Trust Funds”, p 4.
98. A. Ehlers, “Die geskiedenis van die trustmaatskappye en eksekuteurskamers van Boland Bank Beperk tot 1971.” PhD tesis, Universiteit van Stellenbosch, 2002, pp 373-374.

Bank, en tans as deel van Nedbank, tot in die een-en-twintigste eeu laat voortleef het.⁹⁹

Boland Bank Beperk: Stamboom

Datum van stigting of naamverandering		Aanvangsdatum		Datum van stigting of naamverandering
1908	De Paarlse Afrikaanse Trust Maatskappy Beperk			
1968	Paarl Trust Beperk		800 Westoek-Hollandse Eksekuteurskamer en Voogdy Maatskappy Beperk	1928
		7/1946	Hartswater Holland Trust Maatskappy Beperk	1947
			Weslike Ooselinge Bruid Assosiasie Maatskappy Beperk	1886
1963	Bolander Eksekuteurskamer Beperk	7/1963	Afrikaanse Ooselinge Voogdy en Assosiasie Maatskappy Beperk	1960
		7/1964	Die Malmsbury Eksekuteurskamer Beperk	1884
		4/1966	Caledon en Suidweselike Distrikte Eksekuteurskamer Beperk	1918
		4/1968	Die Prieska-Moooi en Appontekap Maatskappy Beperk	1923
		4/1968	Eksekuteurskamer Drakenstein Beperk	1955
		4/1968	Die Worcesterse Eksekuteurskamer Beperk	1926
		4/1969	Die Stellenbosse Eksekuteurskamer Beperk	1916
		4/1969	Die Cradock Eksekuteurskamer en Waarburg Maatskappy Beperk	1918
		4/1969	Montagu Eksekuteurskamer Beperk	1920
		4/1969	Uitenhage Eksekuteurskamer en Trustmaatskappy Beperk	1865

99. Ehlers, “Die geskiedenis van die trustmaatskappye en eksekuteurskamers van Boland Bank Beperk tot 1971”, pp 333-334.

Datum van stigting of nummerandering		Amalgamatedatum		Datum van stigting of naamverandering
1971	Boland Bank Beperk	4/1970	Die Krommedoorn Eksekuteurskamer en Trustmaatskappy Beperk	1917
		4/1972	Tarka Eksekuteurskamer en Trustmaatskappy Beperk	1928
			Caladen Voogdy en Brandaansourisale Maatskappy Beperk	1937
			Caladen Voogdy Beperk	1960
			Suid-Kaapse Voogdy Beperk	1963
		7/1972	Voogdy Bank Beperk	1970
		7/1972	Clanwilliam Eksekuteurskamer Beperk	1922
			Rivierdoringe Eksekuteurskamer Trust en Annonarius Maatskappy Beperk	1937
			Rivierdoringe Eksekuteurskamer Beperk	1960
		4/1978	Breks Bank Beperk	1973
1/1979	Die Stellenbosse Dierkubank Beperk	1982		

Figuur 3: Die amalgamasiebeweging.¹⁰⁰

Indien die bydrae van depositonemende plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers met 'n oorwegend Afrikaanse karakter slegs in syfers gekwantifiseer word, kan maklik tot die gevolgtrekking gekom word dat hulle in die na-oorlogse periode geleidelik hulle glans as dinamiese plaaslike finansiële instellings verloor het en in uitgediende nasionale monumente verander het. So 'n siening sou die bydrae wat die instellings oor die jare gelewer het in die gemeenskappe waarbinne hulle gefunksioneer het, geringskat. Ten spyte van hulle verlies aan finansiële glans, het hulle steeds in die oë van baie van hulle aandeelhouders en ondersteuners hulle aristokratiese status behou, hoofsaaklik vanweë hulle intieme verweefdheid met hulle gemeenskappe. Om dus 'n suiwer syfer gekwantifiseerde evaluering van hulle bydrae uitgedruk in winste en dividende te balanseer, word volstaan

100. Ehlers, "Die geskiedenis van die trustmaatskappye en eksekuteurskamers van Boland Bank Beperk tot 1971", pp 373-374.

met die 1958-siening van P.C. van der Merwe, jarelange sekretaris en bestuurder van AMT, van die instellings se bydrae:

Hulle het vir die afgelope honderd jaar geld op vaste en vlottende deposito teen rente ontvang, veral in die plattelandse distrikte en die bedrag wat hulle as deposito-nemende instellings vandag beheer, moet baie miljoene ponde beloop. Op hierdie manier is mense aangemoedig om te spaar en trustmaatskappye en eksekuteurskamers kan trots wees dat hulle voorlopers op hierdie gebied was. Hulle is opgevolg deur bouverenigings, spaarverenigings, koöperatiewe verenigings en dies meer. Verder kan dit vermeld word dat een van die vernaamste oogmerke van trustmaatskappye was om geld voor te skiet aan leners wat geld benodig om plase en huise te koop, plase te ontwikkel, nywerhede te bevorder. Tot tien, twintig jaar gelede het plattelandse trustmaatskappye hulle veral op plaasverbande toegespits en hoewel dit nooit bekend mag word juis tot watter mate trustmaatskappye bygedra het tot die ontwikkeling van ons land vir landbou doeleindes nie, kan dit sonder vrees vir teenspraak beweer word dat sodanige trustmaatskappye wat hul aandeelhouders, direkteure en amptenare gehad het te midde van die boeregemeenskap wat hulle dien, die bolwerk was waarop boere staat gemaak het tydens droogtes, depressies, plaë en ander rampe. Trustmaatskappye het dikwels kapitaalverliese en verlies van inkomste gelyk wanneer hulle krediet verleen het en uitstel toegestaan het aan boere wat in moeilikheid beland het. Die nou persoonlike voeling tussen direkteure, aandeelhouders en amptenare aan die een kant en die boere-gemeenskap aan die ander kant het uitgeloop op 'n beleid van gee en neem, wat trustmaatskappye en eksekuteurskamers aan hul kliënte bemind gemaak het – 'n gevoel wat saamgevat is in die naam waarmee hierdie instellings bekend was en in sommige streke nog steeds bekend is, naamlik 'my kamer'. Die 'kamer' is 'n waardige voorloper van daardie organisasies wat met verloop van tyd daargestel is om die boer te help soos bv. koöperatiewe verenigings, die Landbank en ander statutêre instellings.¹⁰¹

Opsomming

Afgesien van enkele negentiende-eeuse voorbeelde, was plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers met 'n oorwegend Afrikaanse karakter by uitstek 'n tipe finansiële instelling wat die eerste helfte van die twintigste eeu gekenmerk het. As plaaslike finansiële instellings het hulle besondere kenmerke ontwikkel en bygedra om die sosio-ekonomiese

101. SA: Notuleboek Vereniging van Trustmaatskappye vir 1958, Voordrag deur P.C. van der Merwe tydens Algemene Jaarvergadering, 12-13 Mei 1958, getitel "Inkomstebelasting betaalbaar deur trustmaatskappye en depositonemende instellings", pp 2-3.

landskap van hulle plaaslike omgewings te help vorm. Die Depressie van die dertigerjare en die daaropvolgende Tweede Wêreldoorlog met die veranderde ekonomiese en finansiële bedeling wat dit tot gevolg gehad het, het plattelandse trustmaatskappye en eksekuteurskamers se vreedsame en geïsoleerde bestaan as die “aristokrasie” van die Suid-Afrikaanse finansiële wêreld onherroeplik verander. Die instellings moes toenemend ervaar dat die uitdagings van die na-oorlogse finansiële wêreld die besigheidsfilosofie waarop hulle aanspraak as finansiële aristokrate berus het, asook die finansiële praktyke waarin dit prakties gestalte gevind het, in die na-oorlogse wêreld “oudmodies” en al hoe minder haalbaar geword het. Hulle vroeëre trots het nou eerder struikelblokke geword wat hulle aanpassingsvermoë geïnhibeer het en gedreig het om hulle in nasionale monumente, eerder as die dinamiese finansiële instellings wat hulle aanvanklik was, te verander. Die fokus van hierdie artikel is die identifisering en evaluering van die kenmerke, bydrae en agteruitgang van hierdie unieke finansiële instellings.

Abstract

Nineteenth and Twentieth-Century Rural Afrikaans Trust Companies and Boards of Executors: An Evaluation of their Characteristics, Contribution and Decline

With the exception of a few nineteenth-century examples, rural trust companies and boards of executors with a predominantly Afrikaans character manifested mainly in the first half of the twentieth century. As local financial institutions they developed their own peculiar characteristics and helped to mould their local socio-economic landscape. The Depression of the 1930s and the Second World War transformed the economic and financial dispensation in which they operated and ended their peaceful and isolated existence as the “aristocracy” of the South African financial world. Their business philosophy and financial practices on which their claim to being financial aristocrats was based, became progressively outmoded in the post-war world. Their previous strength now became a stumbling-block which inhibited their ability to adapt to the new circumstances and threatened to turn them into national monuments, instead of the dynamic financial institutions they once were. The focus of this article is to identify and evaluate the characteristics, contribution and decline of these unique financial institutions.

Sluitelwoorde

Amalgamasiebeweging; Bankwet van 1942; beleggingskapitaal en -patrone; besigheidsfilosofie; boedeladministrasie en trustdienste; boedelbesigheid;

depositionemende instellings; Depressie; dienslewering; finansiële instellings; handelsbanke; korporatiewe trusteeskap; likiede bates; Registrateur van Banke, trustafdeling; trustbeweging; trustmaatskappye en eksekuteurskamers; Tweede Wêreldoorlog; vaste deposito's; Vereniging van Trustmaatskappye.

Key words

Amalgamation movement; Association of Trust Companies; business philosophy; commercial banks; corporate trusteeship; deposit receiving institutions; Depression; estate administration and trust services; estate business; financial institutions; fixed deposits; investment capital and patterns; liquid assets; Registrar of Banks; Second World War; service delivery; trust companies and boards of executors; trust department; trust movement; 1942 Bank Act.